# DIE

# OSSEWA-BRANDWAG:

## Vuurtjie in droë gras

**onder redaksie van**

**P.F. VAN DER SCHYFF**
**M.A., D.Litt.**

**MEDEWERKERS:**

**J.J. BADENHORST**
**M.A.**

**P. DE KLERK**
**M.A., D.Litt., D.Ed.**

**L.M. FOURIE**
**M.A., D.Litt.**

**P.J.J. PRINSLOO**
**M.A., D.Litt.**

**Potchefstroom**
**Februarie 1991**

*Erkenning:*

Die navorsing wat hierdie studie ten grondslag lê, is moontlik gemaak deur 'n Groter Toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Voorbladontwerp met erkenning gebaseer op OB-gedenkseël

Beperkte oplaag: 500 eksemplare

Uitgegee deur die Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom.

1991

Kopiereg © Geskiedenisdepartement, PU vir CHO, Potchefstroom

ISBN 1 86822 072 9

# INHOUD

VOORWOORD

**HOOFSTUK 1**

"Vuurtjie in die droë gras"

1.1 Agtergrond en stigting ............ 3
(P.F. van der Schyff)
1.2 Vroeë organisasiestruktuur ............ 17
(J.J. Badenhorst)

**HOOFSTUK 2**

Mobilisering van die Afrikanerdom
(L.M. Fourie)

2.1 "Wittebroodsdae" van die OB en HNP ............ 45
2.2 Woelinge rondom leiers en ideologieë ............ 47
2.3 *In 'n politieke Armageddon* ............ 77
2.4 Die OB en die 1943-verkiesing ............ 99
2.5 Die OB op die kreeftegang ............ 115
2.6 Die OB en die 1948-verkiesing ............ 128
2.7 Afdraande en uitvaart ............ 146

**HOOFSTUK 3**

Verset teen "Empire-oorlog"
(P.F. van der Schyff)

3.1 Bedenkinge en onrus oor OB-karakter ............ 183
3.2 Oorlogsbesluit, 4 September 1939 ............ 194
3.3 "Ons het ons gereed gemaak" ............ 199
3.4 Stormjaers: "Suurdeeg van aktivisme" ............ 218
3.5 Skakeling met Duitsland ............ 237
3.6 Na-oorlogse ontnugtering ............ 250
3.7 Die "Duitse dokumente" ............ 261

## HOOFSTUK 4

Die ideologie van die Ossewa-Brandwag
(P. de Klerk)


4.1 Inleiding ........ 292
4.2 Doelstelling en grondslag ........ 293
4.3 Volks- en rassebeskouing ........ 298
4.4 Geskiedbeskouing ........ 303
4.5 Staatsbeskouing ........ 307
4.6 Maatskaplike en ekonomiese beskouing ........ 311
4.7 Samevatting ........ 316
4.8 Invloed en betekenis van die OB-ideologie ........ 320


## HOOFSTUK 5

Kultuuraktiwiteite van die Ossewa-Brandwag
(P.J.J. Prinsloo)


5.1 Grondslag, doel en strewe ........ 332
5.2 Dualistiese kultuurbeeld onder kolonel Laas ........ 335
5.3 Ontkoppeling van kultuurtaak onder dr. Van Rensburg 353
5.4 Kultuuraktiwiteite van die OB as Republikeinse volksbeweging ........ 366
5.5 Die OB se "historiese taak" ........ 378
5.6 Waardering ........ 383

BEKNOPTE BRONNELYS ........ 401




## VOORWOORD

In die laat sewentiger- en vroeg tagtigerjare het die Geskiedenisdepartement van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, met finansiële ondersteuning van die RGN, 'n indringende navorsingsprojek oor die geskiedenis van die Ossewa-Brandwag onderneem. Hoewel die studie nog nie voltooi was nie, is op aandrang van die RGN 'n finale verslag oor die studie tot in daardie stadium aan die einde van 1984 uitgebring.

Die Geskiedenisdepartement het destyds sy voorneme te kenne gegee om die navorsing voort te sit en tot 'n gesaghebbende publikasie uit te bou. Vanweë verskeie faktore, waaronder veral ingrypende rasionalisasie en 'n tekort aan personeel, kon die voorneme nog nie tot op datum verwesenlik word nie.

Vanuit verskeie oorde daartoe versoek, is besluit om die navorsingsresultate van die RGN-projek te publiseer. In enkele opsigte is egter van die finale verslag afgewyk.

Eerstens is Badenhorst se bydrae oor die organisasiestruktuur van die OB vervang met 'n effens aangepaste artikel van hom in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* (jg. 12 no. 3, Des. 1987), wat 'n meer verfynde skematiese voorstelling van die organisasiestruktuur aan die beginjare bevat. Dié artikel pas ook beter in by die inleidende hoofstuk.

Ook die bydrae van Prinsloo, wat hierin opgeneem is, is 'n verfyning van sy bydrae in die RGN-verslag. In die derde plek is, vanweë kosteoorwegings, afdeling VI van die RGN-verslag ("Die beeld van die Ossewa-Brandwag") weggelaat en is ook slegs 'n beknopte bronnelys opgeneem.

Onder leiding en inspirasie van die departement is die navorsing nie gelaat by die RGN-verslag nie. Behalwe die reeds genoemde artikel van Badenhorst, het twee artikels van P. de Klerk oor die OB-ideologie in *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* verskyn, getiteld "Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag" (jg. 14(1), Junie 1989) en "Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika" (jg. 14(2), Des. 1989). L.M. Fourie het in 1986 sy proefskrif getiteld *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid, 1939–1942* voltooi en het sedertdien indringende navorsing oor dieselfde tema in die na-1942 peri-

ode onderneem. Die navorsing oor die OB se plek en rol tydens die Tweede Wêreldoorlog is voortgesit, onder andere deur verdere navorsing in die buiteland, terwyl ook die kultuuraspek verder bestudeer word. 'n MA-student is besig met 'n verhandeling oor die vrou in die Ossewa-Brandwag, terwyl kleiner temas as skripsie-temas vir Honneurs-studente dien.

Juis vanweë dié voortgesette navorsing en die gepaardgaande voorneme om mettertyd 'n omvattende werk of meerdere werke daaroor die lig te laat sien, is in hierdie publikasie nie gepoog om die verskillende medewerkers se bevindings te korreleer, om skryfstyle aan te pas, of om nuanse-verskille in interpretasie uit te skakel nie.

Hierdie boek is dus geen volledige werk of finale woord oor die O.B. nie. Tog glo die skrywers dat hierdie publikasie 'n belangrike bydrae is op weg na die daarstel van 'n omvattende beeld van en perspektief op die beweging se plek en rol in een van die mees traumatiese tydvakke in die geskiedenis van die Afrikaner en van Suid-Afrika.

Die uitgee van hierdie boek is moontlik gemaak deur die insette en medewerking van

* mev. Melanie Claassen (tikster)
* dr. A.J. van der Walt (Sentrale Publikasies, PU vir CHO)
* prof. C.J.H. Lessing (Ferdinand Postma-Biblioteek, PU vir CHO)
* mnr. H.M. Robinson (OB-Argief)
* dr. P.D. van der Walt (taalversorging, proeflees)
* lede van die Geskiedenisdepartement en in die besonder mev. Evelyn Schutte (sekretaresse)

Die navorsing wat hierdie boek ten grondslag lê, sou nie moontlik gewees het nie sonder die onbaatsugtige bydraes van so baie oud-OB's wat hulle dokumente en/of herinneringe oor dié tydvak in en deur die OB-Argief beskikbaar gestel het.

Ten slotte word hierdie boek as 'n nadoodse huldeblyk opgedra aan hulle wat as lede van die betrokke advieskomitee sulke groot insette gelewer het: mnr. Kalie Behrens, prof. Harri van Rooy en prof. Faan du Plessis.

**P.F. van der Schyff**
Hoofredakteur
POTCHEFSTROOM
Februarie 1991